**Maandag 1 Januarie**

| Skrifgedeelte: Matteus 28:16-20 | Fokusgedeelte: Matteus 28:16-20 |
|---|---|

# Voorspoedige Nuwejaar toegebid

Daar behoort geen nuwejaarsvoorneme hoër te staan as trou aan Christus se roeping nie. Sy bevel aan sy dissipels vat alles saam: Uitgaan … Mense sy dissipels maak.

God het altyd intieme gemeenskap met mense begeer. Selfs ná hulle Hom met die sondeval verlaat het. Hy het aan Abraham beloof: In Hom sou die volke van die aarde geseën word. Hy het ’n volk verkies om na die wêreld uit te reik. Toe Israel misluk, ’n oorblyfsel … God het die wêreld só liefgehad dat Hy uiteindelik sy eniggebore Seun gestuur het sodat dié wat in Hom glo, die ewige lewe kon hê.

Hier by die berg vat Christus sy opleiding aan sy dissipels saam. Hulle moes uitgaan na al die nasies … mense sy dissipels maak.

En niks het verander nie. Kerkwees is geen sosiale klub of vermaaklikheidsinstelling nie. Dissipels van mense maak is steeds haar primêre roeping – ook elke gelowige s’n.

Eerstens uitgaan … Uitreik. Dit mag wees by jou werk of skool. Waar ook al mense jou naaste word. Begin met ’n innemende gesigsuitdrukking. Maar ook prááт; deur jou voor-beeld getuig van Christus se reddende, verlossende genade.

Met as standaard, tweedens, só dat mense óók tot geloof in Christus kom. Dat dié onder hulle wat uitverkies is, gedoop word om die vernuwing in hulle harte te bevestig.

En derdens om hulle, nou smagtend na gemeenskap met God, ook verder te leer om alles te onderhou wat God in sy Woord beveel.

Dissipel-wees beteken dissipels maak. Self kan ons dit nie. Maar Christus is by ons al die dae …

*Sing: Psalm 96-1:1, 2, 5*

*Ds. CJ (Cornel) Nagel (Messina)*